

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 87

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

JY HET TE VEEL TYD

JY is te besig sê jy? Te veel verantwoordelikhede en verpligtinge om na te kom? 'n Oorvol program wat alles opeis?

My antwoord aan jou is: Dit is mooi as ons mense het wat hulle verantwoordelikheid besef. Dit is lofwaardig dat daar nog mense is wat hulle tyd opoffer vir goeie sake. Dit is goed dat jy besig is!

Te veel tyd?

Maar nou wonder ek net: Wat is dit wat jou lewe so in beslag neem? Het jy nie miskien te veel tyd nie? Te veel tyd vir allerhande ander dinge. Jou lewe is miskien heeltemal ongebalanseerd. Aan die eenkant te veel tyd, aan die ander kant te min tyd. Te veel tyd vir jouself en jou eie belange en te min tyd vir God en sy Kerk se belange.

Ek verstaan nie

Nee, sê jy, ek verstaan nie die probleem nie. Ons praat bymekaar verby. Jy het nie 'n hele week waarin jy kan doen wat jy wil nie. Jy werk van agt tot vyf; Sondae moet jy oortyd ook werk. En as jy weier om oortyd te werk, word dit teen jou gehou vir latere bevordering. In die week het jy nog vergaderings wat jy moet bywoon en as jy miskien 'n dag vry het, wil jy darem ontspan.

Ek moet erken dat jou program vol is. Maar dit wil ek darem ook vir jou sê: Moenie dink dat nét jou program so druk is nie. Almal moet werk, almal wil ontspan, almal het verpligtinge, maar tog is dit nie die allesoorheersende in die lewe nie.

Iemand het tyd

En nou wil ek nie vir jou 'n program uitwerk nie, dit moet jy self doen. Maar het jy al opgemerk dat jou vriend wat saam met jou werk, meer tyd het vir God en sy saak. Het jy al opgemerk dat hy baie Sondae af vra om sy kerk te besoek en dat hy, wat bevordering betref, op gelyke voet met jou staan? Het jy al gemerk dat hy Sondagoggend saam met jou gewerk het, en dat hy die aand saam met sy huisgesin met Bybel en psalmboek vertrek het? Het jy opgemerk dat ook hy Saterdag 'n potjie gholf gaan speel het?

Verskil

Weet jy wat is die verskil tussen jou en jou vriend? Jy *wil* nie tyd hê vir God nie. Daarom sorg jy dat ander dinge jou tyd in beslag neem.

Ek weet van iemand wat ook 'n vol program voorgehou het — 'n Ryk jongman noem die Bybel hom. Hy het dit gedoen en hy het dát gedoen en hy wil nog meer doen. Op hierdie vol program wat hy voorhou kry hy net een antwoord: "Gaan en verkoop alles wat jy het en volg My".

Iemand anders sê: Ek het 'n paar osse gekoop en kan nie nou kom nie. 'n Ander een weer: Ek moet noodsaaklik na my grond uitgaan wat ek gekoop het.

Vol programme.

Te besig.

Te veel verantwoordelikhede.

Te min tyd vir God.

As hulle maar net hulle lewe oor kan hê, om hulle tyd anders te bestee.

Jy het jou lewe oor

Dit is egter nie moontlik nie, want jy het dit reeds oor. Ons lewe moes vanweë die sonde van ongehoorsaamheid en koudheid in ewige duisternis geëindig het. Maar dan kom die Seun van God om vir ons sonde te betaal, om ons te verlos van die ewige verdoemenis. Daar kom herstel en vernuwing. Almal wat in Hom glo, wat die wil van die Hemelse Vader doen, deel in hierdie redding, hierdie verlossing en hierdie vernuwing.

Nou is dus die tyd. Dit is die dringende, liefdevolle roepstem wat ons telkens hoor. Uit dankbaarheid moet ons nou ons lewe aan God in Jesus Christus gee.

A. H. Klopper.

"EK WERK AS EK LUS HET"

EK begryp jou standpunt. Werk is vermoeiend en dit lewer nie altyd die verwagte vrugte op nie. Verder is daar ook rondom die arbeid baie ontstellende dinge. Jy werk met mense — saam met mense en vir mense. En waar jy met mense te doen het, kan daar baie wrywingspunte ontstaan. Jy kan baie teleurgesteld raak. Daar is diskriminasie wat meebring dat bevordering nie altyd op meriete geskied nie. Jy wonder nog altyd hoe Jan daardie bevordering kon kry terwyl sy kwalifikasies en dienstyd teen hom getel het. Hulle sê dit was die werk van die "skoen". Dit gaan nie altyd om WAT jy ken nie, maar WIE jy ken!

Nou voel jy dat alles nie die moeite werd is nie ... al die gespartel wat jou nêrens bring nie!

Ek kan jou verseker dat daar geen lewensterrein is waar jy nie met die dinge te kampe het nie. Selfs die kerklike terrein is hiervan nie vry nie. Ook daar word maar met die elmboë weggestamp, veral as jy dalk so 'n talent of twee meer mag besit as die een wat oor jou 'n beslissing moet neem

Jou werkgewer

Die vraag is of al hierdie dinge jou en my daartoe mag bring om 'n onverskillige houding in te neem teenoor ons werk. Ons staan, wat ons werk betref, nie voor mense nie, maar voor God! God is in die eerste plek ons Werkgewer. Lees maar weer Genesis 2:15: "Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak".

Hierdie opdrag gee God voor die sondeval aan die mens. Arbeid is daarom nie 'n straf nie, maar 'n heerlike voorreg! Die lewe van Adam en Eva in die Paradys het dus nie uit niksdoen bestaan nie. Dit was ook nie aan hulle *lus*-gevoel oorgelaat of hulle wou werk of nie. Nee, hulle moes met volgehoue ywer die Paradys "bewerk" en "bewaak" tot eer van die HERE. Reeds Genesis 1:28 leer ons dat die mens 'n van God-opgelegde taak gehad het. Die mens kon sy grootste vreugde put uit sy arbeid.

Maar toe kom die sondeval deur die mens se ontrou en moedswillige ongehoorsaamheid. Wat eers vir hom 'n vreugde was, word nou 'n las! Ons lees in Genesis 3:17 en 19(a): "En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe". "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet..."

Ek het lus ...

Jy en ek moet dus verwag dat arbeid moeisaam sal wees. Ons moet verwag dat die lus en liefde daarvoor baie keer sal ontbreek. Ons moet ook baie remmende faktore in die arbeid verwag op grond van die sondeval. Maar te midde van dit alles: Arbeid self is geen straf nie, maar die straf lê in die moeite waarmee die arbeid gepaard gaan en in die beperktheid van resultate.

Maar te midde van alles bly God ons eintlike Werkgewer aan Wie ons verantwoording verskuldig is. Alle mense val hier weg. Alle werksomstandighede val weg en ek staan alleen voor God. En wat my *lusgevoel* betref... dit word gewek langs die weg van getroue vervulling van my Goddelike opdrag.

Al wat oorbly is dat ek en jy elke dag maar weer sal bid: "Laat U wil geskied, soos in die

hemel net so ook op die aarde!" Dit beteken: "Gee dat ek en alle mense ons eie wil versaak, om aan U wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees; sodat iedereen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer as die engele in die hemel dit doen". (Heidelbergse Kategismus, vraag 124).

Weet en glo as jy hierdie bede bid . . . Jesus Christus het dit eerste gebid! Hy het ook die gebed vir ons vervul in sy volmaakte gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader. In Hom ... deur sy verlossingsgenade is ek en jy in staat om ons arbeid getrou uit te voer. Deur sy genade kan ons getuig: "Ek het lus om U wil te doen, o Here!"

P. J. J. S. Enslin.

EENSAAMHEID

OP DIE SIEKBED

DIT is nou al die derde week op dieselfde bed in dieselfde kamer. Só lê jy alleen tussen die kraakwit lakens van jou hospitaalbed. Die hoë, yskoue, wit mure van hierdie afgesonderde privaatsaal bied jou ook geen geselskap nie. Die silwerskoon bedkassie en hospitaalinstrumente boesem geen warmte by jou in nie. Dit is so totaal anders, so bitter ver verwyder van alles waaraan jy gewoon was tot ongeveer drie weke gelede.

En nou?

Jy was mos al die jare somer baie gesond. Baie vriende gehad. Van vroeg aand tot in die laat ure van die nag was julle altyd uit. Jou kamer was maar net 'n slaapplek vir die paar uurtjies van elke nag wat oorgebly het.

Altyd gesond — sê jy.

Aan vriende nooit 'n tekort nie — só was dit altyd, tot nou.

Nou is jy 'n baie siek mens. Darem 'n bietjie beter. Die dokter het nog drie dae gelede die moontlikheid op herstel afgeskryf. Tog het daar beterskap gekom.

Swervende gedagtes

Nou is dit net jy en jou gedagtes. Nooit het jy kon dink dat jy eendag as 'n eensame sieke met jouself op 'n siekbed die dae en nagte sal moet deurbring nie. Nou is dit jou beurt.

Jy is alleen met jou malende gedagtes. Onbeantwoorde vrae dwaal deur jou gemoed. Jy swerf met jou gedagtes na buite jou siekekamer. Jy soek geselskap. Ander geselskap as dié van jou eertydse vriende.

Kom ons gesels verder

Nou is dit net ek en jy. Jy kan maar gerus gesels. Ek sal antwoord wanneer dit nodig is.

Jy sê jy is nou werklik 'n eensame mens. Jy lê in 'n groot hospitaal met baie ander mense, maar jy het nie met hulle kontak nie. Jy soek ook nie met hulle kontak nie. Want hulle is net op 'n ander wyse in dieselfde bootjie as jy. Dit word ondraaglik. Elke nuwe dag is soos 'n nouer sirkel wat om jou getrek word. Nou dat jy besig is om te herstel, is dit nie meer jou siekte wat jou vaskeer nie. Hier binne jou word dit te nou. Iets keer jou vas. Jy is 'n hopeloos vereensaamde mens. Jy het niemand om jou te help nie.

Koers kry

Het jy al daaraan gedink dat God 'n mens afsonder? Afsonder op die siekbed soos dit nou met jou gebeur? Eensaamheid hoef nie altyd 'n tragiese lewensverhaal te wees nie. Eensaamheid kan vir 'n mens 'n nuwe beginpunt in jou lewe beteken. Dit kan jou lewe weer laat koers kry. Ek bedoel nou die regte koers. Dit is die koers na God toe.

Eensaamheid op die siekbed kan 'n mens breek. Dit kan jou inbreek. Dit kan jou na God laat roep. Dit kan jou vir die eerste keer in jou lewe werklik ontvanklik vir sy Woord maak. Dit kan jou vir die eerste keer hunkerend na elke Woord laat gryp wat Hy vir jou sê.

Jy is nie meer alleen nie

Ek gesels met jou. Dit gaan nou vir jou en my om die Woord van God. En waar God se Woord is, daar is Hyself. En daar is geen mens meer alleen nie.

Kom ons lees net die paar woorde van Johannes 5:7. Daar staan: "Die sieke antwoord Hom (dit is vir Jesus): Here, ek het NIEMAND om my in die bad te sit as die water geroer word nie ..." Dit was 'n bitter eensame mens soos jy. Vir 38 jaar moes hy tussen baie ander siekes alléén sy leed en siekte dra.

Daar was niémand om hom te help nie. Tot op daardie dag toe hy dit vir ons Here Jesus Christus kon sê. Toe kon hy sy hele lewensellende in ons Here Jesus se hande lê. En Jesus het hom gesond gemaak. Daar is Iemand wat jou eensaamheid beter as jyself ken! God!

Deur sy Woord besoek Hy jou vandag. Hy is by jou siekbed.

Waarom is jy op hierdie siekbed, tussen hierdie koue mure?

Om nie meer alleen te wees nie.

Hier is Iemand by jou.

Dit is God in sy Woord.

Jy het jou nog altyd aan Hom onttrek. Nou is Hy besig om jou nader te trek aan Hom. Hy skep ook nou die geleentheid vir jou om nader te kom aan Hom. Daarvoor het Hy hierdie siekbed vir jou uitgekies.

Onse Here Jesus Christus was ook een keer eensaam. Hy was van God, sy Vader, verlaat. Dit het aan die kruis van Golgota gebeur. Dit het gebeur om vir ons 'n weg tot God te baan. Nou het ons die versekering dat ons nimmermeer deur God verlaat sal wees nie. Selfs nie eers in ons doodskrisis nie. Deur die geloof is Hy ons metgesel. Ook by die eensaamheid van ons siekbed. Ons kan dus maar liever met Christus op ons lewenspad vereensaam wees, as om van wêreldse vriende omring te wees by wie niks blywends vir die ewigheid te vind is nie.

Nóu sonder vriende is nie te vergelyke met 'n ewigheid sonder God nie.

Nóu saam met Christus en in die ewigheid is jy een van 'n ontelbare verlose skare.

Mag God aan jou 'n geseënde siekbed skenk.

Dit is met Hom langs jou.

P. du Plessis.

Wanneer **STERK** manne *KROM* word

T. J. J. Kruger.

Hulle sê hy was 'n groot man. Kon maklik 'n sak mielies bokant sy kop uitstoot. Ek het hom verlede week gesien. Toe was hy krom. Hy het vooroor geloop. Die hande was inmekaar getrek van die rumatiek.

Eenkant het hy in sy kamertjie gewoon. Ja, die kinders gesels nog met hom. Hulle kom hom gereeld besoek. Maar hy het nie veel aan hulle geselskap nie. Hy stel tog nie meer belang in rugby en die V.V.O. en die reën nie. Hy wil gesels oor wat verby is. Hy soek sy vriende.

'N ORIGE JUJSKEI

Hy voel hom eensaam en verlate. Elke dag is dit weer dieselfde. Hy voel dat daar dae lank geredekawel word wat van pa gaan word. Hy hoor dit nie, want hy kan nie meer so goed hoor nie. Hy sien dit nie, want sy kykers het ook al dof geword. Maar as Julie-maand en Desembermaand naderkruip, dan voel hy dit.

Hy het ook 'n Bybel, maar dit gaan moeilik om daarin te lees. Ja, in sy jong dae het hy af en toe daarin gelees. Daar was nie baie tyd nie. Die skofte werk het veroorsaak dat hy nie so baie aandag daaraan kon gee nie. Nee, hy weet nie eintlik wat daarin staan nie. Hy weet wel van Christus. Hy weet ook dat die Here mense straf. Miskien straf die Here hom nou, omdat hy nie so baie kerk toe gegaan het nie.

WAAROM?

Hy is nie bewus daarvan dat 'n mens met God nooit eensaam kan wees nie. Sy Vader en moeder is reeds jare al oorlede. Nee, hy het nie geweet dat hy nog 'n Vader het nie, 'n Vader in die hemel wat na hom omsien en vir hom sorg.

So het ek hom gesien. So sien ek baie van hulle, elke dag. Ek sien hulle in die ouetehuis. Sterk manne wat krom geword het. Sterk manne wat babatjies geword het. Sterk manne wat eensaam is.

OOK U!

Daardie dag breek vir elkeen aan wat nie voor die tyd weggeruk word deur 'n ongeluk of siekte nie. Dan sal die eensaamheid en die alleenheid daar wees. Die kinders sal nie elke dag daar kan kom nie. Hulle sal miskien een keer in 'n week kan kom.

Wat sal ons dan doen as ons tagtig is en ons loop krom en die eensaamheid vreet? Sal ons wens die dood wil maar kom? Of sal ons weet dat ons nie eensaam en alleen is nie? Maar as u nie nou u Bybel lees nie, as u nie nou kerk toe kom nie, sal u op die dag, wanneer die oë dof word, die vretende eensaamheid nie kan afskud nie. Wat gaan u doen?

Vervreemding van God bring eensaamheid

Gemeensaamheid

"Dit is *nie goed* dat die mens alleen is nie. Daarom het God self gesê: "Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas" — Eva.

Die eensaamheid verander, deur God se hand, in gemeensaamheid. Van nou af sal hulle man en vrou wees; van nou af gesin en familie.

Die mens is dus op sy medemens aangelê, die man op die vrou. Maar bokant hierdie "medemenslikheid" is daar nog 'n groter verhouding: Die mens is ook op God aangelê. Hy is die "beeld van God". Dit beteken nie dat daar iets goddeliks in die mens is nie, of dat daar iets mensliks by God is nie, maar dit beteken dat die mens 'n verhouding het met God, al onderdruk of ignoreer of ontken hy dit ook. Die mens kan nie sonder sy medemens leef nie, maar hy kan nog minder sonder God leef.

Die mens is nie so gemaak nie. En die mens is nie so bedoel nie.

Die tragiese

Die tragiek in die lewe is egter dat wanneer die rebelse, ongehoorsame mens die vertikale band met God verbreek in sy opwaartse poging om "soos God te wil wees" — ironies! —, dat hy dan ook van sy medemens vervreem en 'n eensame word. Dis dán wanneer die mens vyeblare-afskortinkies maak en vir God probeer wegkruip en die skuld op ander pak. Maar wanneer die mens, soos Job byvoorbeeld, álles verloor — 'n miljoenêrsbestaan, familie, gesondheid — en tog aan God bly vasklou en die vervreemding van God neutraliseer, dis dan dat hy die goue hart van God raaksien en dis dan dat hy deur God 'n nog blyer, voller en vroliker lewe ingelei word.

Die groot eensame

Natuurlik sal ons, selfs die bestes onder ons, sy eensame momente belewe. Soos Moses in die woestyn, Elia onder die besembos, Jona in die vis, Daniël in die leeuuil. Maar God sal ons telkens weer bevry wanneer ... ons ons oë rig op die Groot Eensame. Hy het na sy eiendom gekom, en — sy *eie mense* het Hom nie aangeneem nie. Hy was ook van Gód verlate. Aan die kruis het Hy net uitjouende gesigte gesien — en die rug van God. Maar, gelukkig, Hy het alles afgehandel.

Wie gemeenskap met God wil hê, moet gemeenskap met Christus hê. Wie Hom sien, sien Gód! En Hy bevry ons van alle eensaamheid, want Hy het die sonde — die groot skeidingmaker tussen mens en God — weggeneem. En Hy stel ons nie net in die gemeensaamheid van 'n familie-in-die-klein, die gesin nie, maar ook van 'n familie-in-die-groot, sy kerk.

As u vir Hom "ja" sê, en so vir God, dan sê u ook "ja" vir sy kerk. Hy roep u. Kom u?

J. H. van Wyk.

UIT DIE STRYD VAN DIE LEWE

Aan die oewers van die Johannes-rivier het 'n ou man gewoon met die naam van Corpenning. Hy was 'n ryk man met 'n ope hand vir die armes.

Tydens 'n groot hongersnood wou hy nie aan mense wat met geld na hom gekom het, koring verkoop nie. Hy het geredeneer dat as 'n man geld het, kan hy die nodige lewensmiddele aanskaf. Maar hy het sy koringskure oopgegooi vir die armes in sy buurt. Op 'n dag kom daar 'n man uit 'n verafgeleë plek, maar Corpenning se diensknegte het hom weggestuur omdat hulle hom nie geken het nie.

Corpenning het dit te hore gekom. Daardie nag verskuil hy en een van sy diensknegte hulle daar naby.

Hulle sien die vreemdeling met 'n sak in sy hand aankom. Hy begin die sak met koring te vul, maar hy doen dit aarselend. Dit is duidelik dat daar 'n groot stryd in sy siel is. Toe die sak vol is, verdwyn hy nie vinnig daarmee nie. Hy bly staan en die versteektes kon sien dat hy worstel. Na 'n tyd maak hy die sak oop en gooi die koring uit. Hulle hoor hom sê: Ek wil nog één dag wag op die hulp van die Here. Daarna verdwyn hy. Die hoop en die vertrouwe het nie beskaam nie. Die volgende môre stuur Corpenning met sy seun vir hom 'n sak koring. Hy laat weet ook vir hom dat hy soveel koring as wat hy nodig het, mag kom haal.

Vry vertaal uit 'n stukkie van ds. J. Overduin.